


lapa
UITGEWERS
Hierdie boek behoort aan

# Superhelde van die Savanna


Marleen Lammers




Illustrasies deur Anja Stoeckigt

www.lapa.co.za


'n Bakoorjakkals wandel deur die veld. 'n Donker skaduwee verskyn voor hom.






Dan is dit agter hom.

En dan val dit reg langs hom.



“O, jitte,” sê hy.
“Dit lyk vreeslik baie na ’n ...”




AREND!



Die jakkalsie begin
vlug vir sy lewe.



Maar skielik, uit nêrens,
verskyn daar ’n ratel.

In 'n warrelwind van vere en velle,

verwilder die ratel die voël.



"Sjoe!" roep die bakoorjakkals uit. "Jy is VREESLOOS!"

"As jy so sê," brom die ratel, en haal sy skouers op.
Dan mik hy terug bosse toe.



Die bakoorjakkals sit die ratel agterna.
Hy brand van nuuskierigheid oor hierdie waaghals.
Maar voordat hy iets kan vra, hoor hy 'n gesis.

"O, jitte," sê hy.



"Dit klink vreeslik baie soos 'n ..."